**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**(Eerste Vraestel: Taal in Konteks)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 en 3) | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4) | (10) |
| AFDELING C: TAAL (VRAAG 5, 6 en 7) | (40) |

- Lees ALLE instruksies baie goed.
- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.
- Trek ŉ streep na elke afdeling.
- Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Laat ŉ reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Gee veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A

**KYK- EN LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**
**TYDSKRIFARTIKEL**

- Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

# *COWBOY* – en nie ’n *KROEK* nie



1. As jy hom ’n paar jaar gelede in ’n donker stegie raakgeloop het, sou jy dalk wou bid vir jou lewe. Dié bendelid van die Kaapse Vlakte was nie een met wie jy wou sukkel nie.

2. Ons het die vriendelike jong man by sy ryskool in Kaapstad ontmoet. Hy is vandag ’n baken van lig in sy gemeenskap – alles te danke aan perde.

3. Twaalf jaar gelede was Kendré Allies (27) van Maitland besig om by die Vlakte se bendewêreld betrokke te raak. Hy het op vyftien die skool verlaat en daar was meer as genoeg dwelms om hom in die versoeking te lei.

4. Maar vandag het hy sy eie ryskool met agt en dertig perde waar hy ook beseerde perde rehabiliteer. Hy dra ook sy liefde vir die diere oor aan kinders wat groot probleme in hulle grootwordjare ervaar.

5. Deesdae noem mense hom nie meer boelie of *gangster* nie, maar *urban cowboy* en die Kaap se eie *horse whisperer*.

6. Daar is geen bitterheid of selfbejammering wanneer hy oor sy grootwordjare praat nie. “Ek kom uit ’n gebroke huis en my ouma, Annie Allies, het my van babatyd af grootgemaak,” vertel hy. “Op hoërskool het ek ’n boelie en ’n opstoker geword en saam met die *Americans*-bende begin uithang.”

7. Vir Kendré kon dit die begin van die einde gewees het. Die *Americans* is waarskynlik die mees gedugte van die Vlakte se misdaadbendes. Wie eers daar ingesuig word, kom nie maklik weer los nie.

8. Hy is in graad 10 uit die skool en het groente van perdekarre af begin verkoop. In dieselfde omgewing was daar ’n ryskool en so het hy werk gekry as ’n stalkneg.

9. Sy verhouding met perde het geblom en daarmee saam sy mense-verhoudinge. “Ek het ordentlik met mense begin praat. Ek het besef jy hoef nie met mense te baklei nie.”

10. “Ek het my werk geniet en gesien die mense hou van my. Dit was vir

my moeilik om uit die bende pad te gee. Gelukkig was ek nog nie ’n lid nie.”

11. Kendré is gelukkig tussen sy perde, maar hy het nog een droom. Nee, twee, want eendag wil hy hê dat een van die jong seuns sy ryskool moet erf.

12. “Maar dis my droom om in ’n *western* te wees. Glo my, ek sal dit nog doen. Ek moes kies tussen ’n *cowboy* of ’n *kroek* wees – en ek het die *cowboy* gekies.”

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25-09-2008]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**steeg** s.nw. (stege, steë; stegie) Nou straatjie, laantjie tussen geboue: *Langs strate en steë.* Eng.: alley. IsiZulu: Indlela encane. Sesotho: Tselana.

**versoe'king** s.nw. (-e, -s) Verleiding: *In die versoeking kom.* Eng.: temptation. IsiZulu: Ukulingeka. Sesotho: Teko.

**ry'skool** s.nw. (ryskole) Plek waar les gegee word in perdry. Eng.: riding-school. IsiZulu: Isikolo soku gibela amahashi. Sesotho: Sekolo sa ho palama dipere.

**gedug'** b.nw. en bw. Wat vrees, ontsag of respek inboesem: *’n Gedugte teenstander, vyand*. Eng.: fearfull. IsiZulu: Eliyingozi. Sesotho: Lekotsi.

**in'suig** ww. (ingesuig) **1** Suigend (in die liggaam) inneem: *Vloeistof, lug insuig. Die spons suig die vloeistof in*. **2** Intrek in ’n vloeistof of iets dergeliks: *Die malende water, die welsand het hom ingesuig.* Eng.: suck in, absorb. IsiZulu: Ukuheha. Sesotho: Monya.

**stalkneg'** s.nw. (-te) Iemand wat sorg vir die stal en die diere. Eng.: stable boy. Isizulu: Umelusi. Sesotho: Modisa.

[Verwerk uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*]

**VRAE:**

1.1 Hoe verskil die *ou* Kendré van die *nuwe* Kendré wat by die ryskool werk? (2)

1.2 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat daarop wys dat Kendré Allies hoop vir sy gemeenskap gebring het. (Paragraaf 2) (1)

1.3 Wat het die verandering in Kendré se lewe veroorsaak? Gee slegs EEN WOORD. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Kendré probeer om ’n verskil te maak in die lewens van ...

A. boelies en opstokers.
B. kinders wat swaarkry.
C. die *Americans*-bende.
D. sy ouma, Annie Allies. (1)

1.5 Mense het gewoonlik twee emosies as hulle uit ’n ongelukkige huis kom.

Noem EEN van hierdie emosies. (1)

1.6 Drie van die volgende antwoorde is KORREK.
Watter antwoord is NIE korrek NIE?
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Ons lees dat die *Americans*-bende die **mees gedugte** van die Vlakte se misdaadbendes is. Dit beteken hulle is die ... bende.

A. mees gevreesde
B. gevaarlikste
C. vriendelikste
D. mees skrikwekkende (1)

1.7 Watter werk het Kendré gedoen voordat hy by die ryskool begin werk het? (1)

1.8 Watter TWEE drome wil Kendré nog laat waar word? (2)

1.9 Ouma Allies het Kendré deur alles ondersteun.

1.9.1 Wie of wat het in jou lewe ŉ rol gespeel om jou lewe beter te maak? (1)

1.9.2 Op watter manier het hierdie persoon, ding of situasie jou lewe positief beïnvloed? (1)
**[12]**

**EN**

**VRAAG 2**
**RESENSIE EN ADVERTENSIE**

- Lees die onderstaande resensie en advertensie en beantwoord die vrae.

## *The Coconuts* – Trots Suid-Afrikaans!

1. Drie hoera's vir die sitkom, *The Coconuts* en die geniale skrywer-regisseur, Andrew Timm!

2. In die konteks van hierdie komedie verwys *coconut* na ŉ sleng term wat in stede gebruik word vir swart mense wat "wit" optree.

3. *The Coconuts* handel oor ŉ wit middelklas-familie wat tydens ŉ vakansie hulle karavaan, ná ŉ waarskuwing van ŉ wyse man, op heilige voorvadergrond parkeer. Ná ŉ donderstorm verander hulle almal van velkleur. Die wit familie (die Greenes) is nou swart (die Mbuli's). Die Zoeloe-sprekende huishulp, Patience is nou wit.

4. Die Mbuli's probeer hierna om met hul lewens as middelklasswartmense aan te gaan. Dit lei tot baie komiese situasies.

5. Akteurs soos Philicity Reeken, Luthuli Dlamini en Elize Cawood lewer skitterende spel.

6. Hierdie komedie is nie prekerig nie en het ook nie ŉ "boodskap" nie. Dit spot met alle Suid-Afrikaners, hulle verhoudings en dinge waarvan hulle hou of nie hou nie.

7. Andrew Timm sê: "Sitkoms is nie veronderstel om opvoedkundig te wees of vir jou lesse te leer nie. Hulle behoort jou te laat lag."

8. Suid-Afrikaners herken hulleself in verskeie kulturele en sosiale situasies wat in hierdie komedie uitgebeeld word. *The Coconuts* slaag uitstekend daarin om Suid-Afrikaners vir hulleself te laat lag.

9. Hierdie reeks help Suid-Afrikaners om mekaar op ŉ sosiale en kulturele vlak beter te verstaan.

[Verwerk uit: *Rapport*, 17 Januarie 2009, *www.proudlysouthafrican.co.za* en *www.tonight.co.za*]




DStv soveel meer




Beleef die skreeusnaakse nuwe seisoen van die *Coconuts*.
Wenner van Beste Suid-Afrikaanse Televisiekomedie-toekenning.
*The Coconuts* begin Woensdag 21 Januarie om 19:30

mnet
**Dis magic**

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 18 Desember 2008]

**VRAE:**

2.1 Wie doen die regie van *The Coconuts*? (1)

2.2 *Coconut* is ŉ sleng-term. (Paragraaf 2)

Voltooi die volgende sin met die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

Sleng-taal beteken...

A. formele taal.
B. woordeboektaal.
C. informele taal.
D. standaardtaal. (1)

2.3 "Sitkoms is nie veronderstel om opvoedkundig te wees of vir jou lesse te leer nie."

Is hierdie stelling ŉ FEIT of ŉ MENING? (1)

2.4 Wat is, volgens Andrew Timm, die doel van sitkoms? (1)

2.5 Hoe help hierdie reeks om Suid-Afrika ŉ beter plek te maak?
Noem EEN manier. (1)

2.6 Kyk aandagtig na die foto van die hond en hoe sy hok lyk.
Waarom is hierdie foto ironies? Gee ŉ volledige antwoord. (1)

2.7 Noem enige EEN sekuriteitsmaatreël wat by die hondehok ingestel is. (1)

2.8 Watter toekenning het die reeks *The Coconuts* gekry? (1)

2.9 Wat is **mnet** se leuse? Haal die leuse aan. (1)

2.10 Kies die woord wat die volgende sin korrek voltooi.

"Die ligter kant" beteken die ... kant.

A. hartseer
B. ernstige
C. humoristiese
D. hardwerkende (1)

**[10]**

**EN**

## VRAAG 3
## ADVERTENSIE

- Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

# M E T J O U H U L P

1. Kinders het goeie voeding nodig. Dis goed vir hulle liggaamlike groei en ook vir verstandelike ontwikkeling. Wanneer hulle met ’n leë maag skool toe gaan, is dit amper onmoontlik vir hulle om op skoolwerk te konsentreer.

2. *Bokomo Oats* en *East Coast Radio* het saamgewerk om kinders by tien minderbevoorregte skole te help.




3. Tydens die *Bokomo Oats*-skoolvoedingsprojek het luisteraars hul harte oopgemaak. Hulle het verseker dat ons ’n maand lank by hierdie skole in Kwazulu-Natal ’n warm ontbyt aan duisende kinders kon gee.



EastCoastRadio
DURBAN'S Nº 1

***stuur** ons duisende behoeftige* ***K I N D E R S*** ***skool toe** met ’n vol maag.*

BOKOMO

Die tuiste van heilsaamheid

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Julie 2008]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**voe'ding** s.nw. (-s) voedsel, kos. **1** Die handeling van te voed, gevoed te word, toediening van voedsel. **2** Voedsel, spyse, kos: *Sorg dat jy daagliks die regte voeding kry*. Eng.: nutritional care. IsiZulu: Ukudla kahle. Sesotho: e itekanetseng.

**min'derbevoor'reg** b.nw. (-te) Wat minder het as ander: *Die minderbevoorregte kinders het nie genoeg kos nie*. Eng.: underprivileged. IsiZulu: Izikolo ezintulayo. Sesotho: Ya senang ditokelo.

[Uit: *HAT* en *Tweetalige Woordeboek*]

**VRAE:**

3.1 Gee EEN rede hoekom kinders gesonde kos nodig het. (1)

3.2 Wat gebeur wanneer kinders sonder ontbyt skool toe gaan? (1)

3.3 *East Coast Radio* en die luisteraars het baie ryk kinders in KwaZulu-Natal gehelp om ŉ gesonde ontbyt te eet.

3.3.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.3.1 deur EEN WOORD aan te haal. (1)

3.4 Deur watter TWEE instansies is hierdie projek moontlik gemaak? (2)

3.5 Tydens die *Bokomo Oats*-skoolvoedingsprojek het luisteraars **hul harte oopgemaak**. (Paragraaf 3)

3.5.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woord te kies.
Die woord **harte** het ŉ (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

3.5.2 Verduidelik in jou EIE VOLSIN wat die skrywer bedoel met "hul harte oopgemaak". (1)
**[8]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

**EN**

AFDELING B
**OPSOMMING**

**VRAAG 4**

- Som die teks oor stappe om jou charisma te ontwikkel, op.
- Gee SEWE stappe hoe jy jou charisma kan ontwikkel.
- Skryf hierdie opsomming in SEWE volsinne neer.
- Skryf jou sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat ŉ reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die korrekte getal woorde van jou opsomming aan die einde neer.

# MAKLIKE **STAPPE** OM JOU CHARISMA TE ONTWIKKEL

1. Weet jy wat sosiale intelligensie (SI) is? Jy kan jou vaardigheid om te kommunikeer en konflik te hanteer, verbeter as jy weet wat sosiale intelligensie is. ʼn Sielkundige kan jou ook leer om sosiaal intelligent te wees. Jy kan ook *social intelligence* intik op www.kalahari.net vir interessante boeke oor sosiale intelligensie.

2. Begin deur vir mense te wys dat jy opreg in hulle belangstel. ʼn Mens moet luister na wat mense sê as hulle met jou praat. Jy kan dan saamgesels en vrae vra.

3. Gee aandag aan jou stemtoon wanneer jy praat. Haal rustig asem, praat op ʼn lae toonhoogte en mooi stadig. ʼn Mens moet daaraan werk om jou boodskap duidelik oor te dra. Jou stemtoon moet sê of jy ʼn vriendelike of kwaai boodskap oordra.

4. Jy wys vir mense dat jy vir hulle omgee as jy jouself in hulle situasie kan indink. Jy moet dus ʼn gevoel van empatie vir ander mense hê.

5. Wat is charisma sonder ʼn positiewe lewensuitkyk? Sorg dat jy altyd positiewe taal gebruik wanneer jy met mense kommunikeer.

6. Kyk objektief in ʼn spieël na jouself. Is jou rug krom, hang jou skouers of staan jy mooi regop? Hoe jy jouself projekteer, is hoe ander jou sien. Gee aandag aan jou lyftaal sodat dit nie van jou boodskap verskil nie.

7. Al hierdie stappe help ʼn mens om charisma te ontwikkel. Jy kan egter nie charisma hê as jy nie ook warmte oordra en oogkontak met mense maak nie.

8. Onthou: ʼn Mens leer nie oornag om sosiaal intelligent te wees nie!

[Verwerk uit *Sarie*, Maart 2008]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

**EN**

AFDELING C
**TAAL**

**VRAAG 5**
**WOORDSTRUKTURE – TYDSKRIFARTIKEL**

- Lees die teks en beantwoord die vrae.

> **GENERASIE HOOPVOL**
>
> Kritici het deesdae baie woorde om Afrikaanse jongmense te beskryf.
>
> **Ruggraatloos. Meningloos. Lusteloos. Leierloos.**
>
> Ons het by **'n jong voorloper** gaan aanklop wat al hierdie opinies verkeerd bewys.

- Voltooi die paragrawe in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord in jou antwoordeboek neer.

| | | |
|---|---|---|
| As jy gedink het dat vandag se jongmense net belangstel in *Mxit*, *Playstation* en (5.1 *chat rooms*) eerder as om te weet wat in die "regte" wêreld rondom hulle gebeur, is jy verkeerd. | 5.1 | **bab'bel** ww. (babbelende; gebabbel) Aanhoudend praat (oor onbelangrike dinge): *Sy kan eindeloos babbel*.<br>**klets'** ww. (geklets) Bogpraatjies, onsin praat, sommer praat om te praat: *Wat staan julle al weer daar en klets?*<br>Die woordeboek gee die vertaling vir *chat* aan as: **babbel** en **klets**.<br>Skryf die WOORD neer wat nie in lettergrepe verdeel kan word nie. |
| As jy so luister na jong (5.2 lyers/leiers) op skool en universiteit, besef jy dat hulle ingelig is en hulle het sterk (5.3 opinies). | 5.2<br>5.3 | Kies die korrekte woord.<br>Gee 'n sinoniem. |
| Hulle besef hulle is die (5.4 verlede) en dat môre se uitdagings vandag al betrokkenheid van hulle vra. Een manier van betrokke raak, is om die ATKV* se (5.5 elke jaar) (5.6 jeugleierskursus) by te woon. | 5.4<br>5.5<br>5.6 | Gee die antoniem.<br>Gee die EEN woord.<br>Verdeel die woord in DRIE basiese woorde. |
| Success Lekabe van Ikageng is nog maar net (5.7 (17) ) jaar oud, maar sy het reeds bewys dat haar naam goed by haar pas. | 5.7 | Skryf die getal, (17), uit in woorde. |
| Dié (5.8 onderhoofseun) van die Hoërskool Gimnasium in Potchefstroom (5.9 toon) al van 'n baie jong ouderdom af duidelike (5.10 leier + eienskappe). | 5.8<br>5.9<br>5.10 | Gee die vroulike vorm.<br>Maak 'n sin waar "toon" 'n ander betekenis het.<br>Vorm 'n samestelling. |

| | | |
|---|---|---|
| Maar (5.11 t.s.v.) al hierdie prestasies is dié matrikulant se (5.12 voete) stewig op die aarde. | 5.11<br>5.12 | Skryf die afkorting voluit.<br>Gee die verkleinwoord. |
| "Ek (5.13 geloof/belowe/glo) daarin dat een van die (5.14 belangrik) eienskap van enige (5.15 goed) leier is dat jy 'n voorbeeld moet stel en dit dan moet uitleef." | 5.13<br>5.14<br>5.15 | Kies die korrekte woord.<br>Gee die oortreffende trap.<br>Gee die korrekte vorm. |
| Wat haar persoonlike lewe betref, inspireer haar (5.16 pa en ma) haar baie. | 5.16 | Gee EEN woord. |
| Sy wik en weeg nog oor haar toekoms-planne. Twee (5.17 moontlikheid) wat in haar kop broei, is medies of politiek. | 5.17 | Gee die meervoud. |
| Success sê: "Ek wil (5.18 graag) hê die mense in my gemeenskap moet (5.19 ver) kyk en hulle lewens (5.20 ander)." | 5.18<br>5.19<br>5.20 | Gee die intensiewe vorm.<br>Gee die vergrotende trap.<br>Gee die korrekte afleiding. |
| * Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging | | [Verwerk uit: *Taalgenoot*, September 2007] |

**[20]**

**EN**

## VRAAG 6
## SINSTRUKTURE – ADVERTENSIE

- Lees die advertensie in die linkerkantste kolom.
- Skryf die sinne oor met die hulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf die korrekte sin uit in jou antwoordeboek.

DIE VET IS IN DIE VUUR!

Dit is tyd vir die 2008-Shoprite Checkers Championship-boereworskompetisie.

Meer as duisend boereworsmakers sal die beoordelaars wil beïndruk.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 Vanjaar se Boereworskompetisie is beslis moeiliker as ooit tevore. | 6.1 | Skryf in die toekomende tyd. | (1) |
| 6.2 Die Sjefs-Vereniging het 'n paneel beoordelaars gekies. | 6.2 | Skryf in die lydende/passiewe vorm. | (1) |
| 6.3 Almal moet streng opleidingsessies bywoon. | 6.3 | Skryf in die verlede tyd. | (1) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.4 | Die sjef, Martin Kobald sê: “Ek is baie opgewonde oor die vereniging se aandeel in die kompetisie.” | 6.4 | Skryf in die indirekte rede en gebruik **dat**. | (1) |
| 6.5 | Hy sê verder dat hierdie jaar se kompetisie ’n nog groter sukses sal wees. | 6.5 | Skryf in die direkte rede. | (2) |
| 6.6 | Hulle is trots daarop. Hulle speel ’n rol in die kompetisie. | 6.6 | Skryf oor as EEN sin en gebruik die infinitief **om**. | (1) |
| 6.7 | Daar is streng reëls en regulasies. Die beoordeling vind op ’n regverdige manier plaas. | 6.7 | Verbind die twee sinne met **sodat**. | (1) |
| 6.8 | Alle deelnemers vul ’n inskrywings-vorm in. Hulle kry ’n nommer. | 6.8 | Verbind die twee sinne met **daarna**. | (1) |
| 6.9 | <u>Die Sewende Laan-akteurs</u> neem deel aan die Boereworskompetisie. | 6.9 | Verander die stelsin in ’n vraagsin sodat die onderstreepte woorde die antwoord is. | (1) |
| 6.10 | Die beoordelaars kyk altyd na die kleur van die wors. | 6.10 | Skryf in die ontkennende vorm. | (1) |
| 6.11 | Die beoordelaars proe die rou wors. Dit beland op die kole. | 6.11 | Verbind die twee sinne en begin met: **Nadat ...** | (1) |
| 6.12 | Die reuk van (braai) wors, is altyd lekker. | 6.12 | Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. | (1) |
| 6.13 | by Sun City/vind plaas/op 13 September/die kompetisie | 6.13 | Skryf die sin met die korrekte woordorde. | (1) |
| 6.14 | Maak seker dat jy dadelik ’n inskrywingsvorm (aan/vir/van) hierdie kompetisie kry. | 6.14 | Kies die korrekte voorsetsel. | (1) |
| 6.15 | Die vet is in die vuur! | 6.15 | Kies die korrekte betekenis vir die idioom. Skryf net die nommer en die letter neer.<br>A Iemand kwaad maak.<br>B Bang wees vir iets.<br>C Die moeilikheid begin.<br>D Dis regtig waar.<br><br>[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 September 2008] | (1) |


**EN** **[16]**

## VRAAG 7
## KRITIESE TAALBEWUSTHEID – STROKIESPRENT

- Bestudeer die volgende strokiesprent.

Jeremy (die seun) en sy ma is albei in die huis wanneer die telefoon lui.


**Raampie 1**





**Raampie 2**




**Raampie 3**




**Raampie 4**



**Raampie 5**




**Raampie 6**




[Verwerk uit: *Rapport*, 28 Desember 2008]

**VRAE:**

7.1 Wat, dink jy, sê Jeremy se ma vir hom in raampie 6?
Skryf jou EIE VOLSIN neer. Begin jou sin met:

Jeremy se ma sê: "... ." (1)

7.2 Hoe voel Jeremy se ma in raampie 6?

Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

A. Ontsteld.
B. Kwaad.
C. Kalm.
D. Gefrustreerd. (1)

7.3 Tieners word dikwels deur volwassenes gestereotipeer.
Watter stereotipering beeld Jeremy se lyftaal in hierdie strokiesprent uit? (1)

7.4 "Het jy regtig gedink ek gaan dit antwoord?"

Watter houding weerspieël Jeremy met hierdie woorde teenoor sy ma? (1)
**[4]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**